EL SHADDAI

CHRISTIAN SCHOOL · CHRISTENSKOOL

GROW · EQUIP · SEND

DISSIPELSKAP

PRE-PRIMÊR

POSBUS 1980 LORD'S WALK, VANUIT LANGEBERGWEG
DURBANVILLE 7550
T: 021 975 1980 F: 021 975 1985
www.escs.org.za info@escs.org.za

VISIE

Groei: Om die kind in sy geheel op te voed – spiritueel, emosioneel, fisies en akademies.

Vir al die kinders om 'n persoonlike verhouding met Jesus te hê en om te leer om Hom heelhartig lief te hê.

Om die karakter van God te verstaan en om te leer hoe, én te begeer, om meer soos Hy te word.

Om Goddelike karaktereienskappe in hulle daaglikse lewens uit te straal.

Toerus: Om Bybelse waarhede, gebaseer op die Woord van God, te leer en verstaan.

Om 'n Bybelse wêreldbeskouing in ons kinders se lewens in te bou.

Stuur: Om kinders te leer om vrywillige dienaars te wees.

Om met ons gemeenskap te skakel en geredelike bydraes te maak vir minderbevoorregtes.

HOE MAAK ONS DISSIPELS VAN ONS KINDERS?

VIER SAMBREELFOKUSSE

KWARTAAL 1

GEMEENSKAP MET GOD

God se wens is dat kinders 'n persoonlike verhouding met Hom sal hê. Die kinders word aangemoedig om daagliks tyd saam met Jesus deur te bring sodat hulle Hom kan leer ken as hulle beste vriend. Hulle het enige tyd van die dag of nag toegang tot Hom.

Onthouvers: *Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.* Spreuke 3:5-6

KWARTAAL 2

EIEWAARDE

Die kinders leer dat hulle waarde in Jesus lê. Elkeen is daarom spesiaal en uniek. Jesus kyk nie na statussimbole nie, maar na hulle harte.

Onthouvers: *Here, U het my tot in die fynste detail gemaak. In die baarmoeder het U my gevorm. Psalm 139:13*

KWARTAAL 3

DIENSBAARHEID

Jesus het gekom om ander lief te hê en te dien. Die kinders moet leer om mekaar in liefde te dien en mekaar te help waar hulle kan.

Onthouvers: ***Ek en my huis, ons sal die Here dien.*** *Josua 24:15*

KWARTAAL 4

RENTMEESTERSKAP

Jesus het die wêreld geskep sodat ons dit kan geniet. Die kinders moet leer om hulle omgewing te bewaar.

Onthouvers: ***Alles op hierdie aarde is die Here s'n. Ja, die aarde self en alles wat daarop leef en beweeg, is Syne.*** *Psalm 24:1*

SPESIFIEKE KARAKTEREIENSKAPPE VAN GOD WORD GEBRUIK OM ELKE KWARTAAL SE SAMBREELFOKUS TE ONDERRIG

3-week-siklus met 'n sleutelvers vir elke Karaktereienskap van God en 'n voorbeeld van 'n geïntegreerde tema.

KWARTAAL 1

GEMEENSKAP MET GOD

God is ons Skepper - My wonderlike wêreld

Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne. *Psalm 100:3*

God is Liefde - My familie

God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. *Johannes 3:16*

God is Wysheid - Gesonde eetgewoontes

Dien die Here en vermy wat sleg is. *Spreuke 3:7*

KWARTAAL 2

EIEWAARDE

God is Waarheid en Lig - Plaasdiere

Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. *Johannes 14:6*

God is Geneser en Hy vergewe - Water

Was my dat ek witter as sneeu kan wees. *Psalm 51:9*

God is Vrede en Vreugde - Voëls

Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle.

Johannes 14:27

KWARTAAL 3

DIENSBAARHEID

God is Herder en Beskermer - Padveiligheid

In God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. *Psalm 56:5*

God is Dienaar - Die Brandweer

Dien mekaar in liefde. *Galasiërs 5:13*

God is Geduldig en Selfbeheersd - Insekte

Wees met almal geduldig. *1 Tessalonisense 5:14*

KWARTAAL 4

RENTMEESTERSKAP

God is Vindingryk - Lente

Die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.

Psalm 100:5

God is Voorsiener - Die Weer

En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien. *Filippense 4:19*

God is Getrou - Die geboorte van Jesus

God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. *Johannes 3:16* *Julle moet geloof in God hê.* *Markus 11:22*

OPSOMMING

VOORBEELDE VAN GEÏNTEGREERDE TEMAS

God is Skepper - **My wonderlike wêreld**

God is Liefde - **My Familie**

God is Wysheid - **Gesonde eetgewoontes**

God is Waarheid en Lig - **Plaasdiere**

God is Geneser en Hy vergewe - **Water**

God is Vrede en Vreugde - **Voëls**

God is Herder en Beskermer - **Padveiligheid**

God is Dienaar - **Die Brandweer**

God is Geduldig en Selfbeheersd - **Insekte**

God is Vindingryk - **Lente**

God is Voorsiener - **Die Weer**

God is Getrou - **Die geboorte van Jesus**



DAAGLIKSE DISSIPELSKAPLESSE

Die karaktereienskappe en sleutelverse soos hierbo genoem, word elke oggend ingewerk in ons godsdienstige oordenking en Bybelstorietyd. Dit word in ons weeklikse saalbyeenkomste bespreek en elke dag verder vasgelê soos die geleentheid daarvoor opduik. In die daaglikse dissipelskaplesse leer die kinders om vir hulleself sowel as vir ander te bid; om God se stem te hoor; om op Hom te wag; om God te vertrou as hulle Saligmaker, Beskermer, Voorsiener, Geneser en hul Beste Vriend. Hulle leer om wyse keuses te maak en God te eer in alles wat hulle doen. Hierdie Bybelse wêreldbeskouing loop soos 'n goue draad deur al die aktiwiteite.

SAALBYEENKOMSTE

Die Pre-primêre afdeling het weekliks 'n saalbyeenkoms waar die klem van onderrig op die Karaktereienskappe van God val. Ons het tyd om:

- Jesus te prys en aanbid
- God se Woord te hoor
- Te bid
- Op God te wag en sy stem te hoor
- Volgens behoefte te bedien en te salf

DISSIPELSKAPBANDE

BEVESTIGING VAN GROEI EN TOERUS

Een of twee kinders per klas kry weekliks dissipelskapbande. Hierdie kinders word vorentoe geroep deur hulle onderwyser ter erkenning van karaktergroei of duidelike blyke van Goddelike karaktereienskappe die vorige week. Hulle dra dan hierdie bande vir 'n week.

DISSIPELSKAPRAPPORTE

Saam met akademiese rapporte, word dissipelskaprapporte ook uitgereik. Hierdie rapporte fokus op karakterontwikkeling in ons kinders. Die onderwysers werk saam om ons kinders te bou, vorm, motiveer en lei in terme van karaktergroei. Dit word gebaseer op die sambreelfokus, leerbare oomblikke, deur dissipline en ook om net tyd af te staan om die kinders beter te leer ken.

UITREIK

Die doel van uitreik is om kinders te leer om gewillig te dien en om vir die gemeenskap, veral die minderbevoorregtes, te gee. Die kinders leer ook barmhartigheid. Hulle skenk hulle speelgoed en klere wat te klein geword het vir verskeie skuilings, veiligheidsplekke en liefdadigheidsorganisasies. Die kinders verskaf ook items en pak geskenksakke vir Bless-a-Baby ('n bediening van die El Shaddai Christenkerk). Ons bid ook deurlopend vir die skool se terreinwerkers.

LOFPRYSINGSAAND

Hierdie aand is baie spesiaal wanneer ons God eer vir wat Hy die afgelope jaar in en deur ons gedoen het. Die kinders kry die geleentheid om ons Heer te vereer deur die Woord, sang, dans en drama.

"Jy moet ook jou kinders daarvan vertel en jy moet oral daaroor praat. Of jy nou in jou huis sit, of jy op pad is, of jy 'n bietjie gaan lê of weer opstaan, jy moet altyd dink oor wat die Here van jou vra."

DEUT 6:7 (NIV)

OPSOMMING

'N VOORBEELD VAN 'N TIPIESE JAAR SE KURRIKULUM

KWARTAAL 1 GEMEENSKAP MET GOD		**KWARTAAL 2 EIEWAARDE**	
WAARHEID: God het die mens geskape om in 'n verhouding met Hom te staan.		WAARHEID: U het my op 'n wonderbaar-like wyse geskep. Psalm 139	
GOD IS SKEPPER		**GOD IS WAARHEID EN LIG**	
God is ons skepper Ek is spesiaal	Jy is spesiaal - Max Lucado	Jesus het gesê: "Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe."	God van Israel of Baäl van Egipte?
Het God foute gemaak?	God het gespreek en die wêreld is gemaak	Josia, die seun Koning	Dawid en Jonatan – Vriendskap
Ons is God se familie	Tuin van Eden	Die seun wat "Wolf" geroep het	Die reënboog, teken van God se belofte
GOD IS LIEFDE		**GOD IS GENESER EN VERGEWER**	
God het Jesus gestuur	Die Here is my Herder	Dorkas is opgewek uit die dood	Die soom van sy kleed
Baba Moses	Abraham en Isak	Deur die dak	Lasarus word uit die dood uit opgewek
Maria en Elisabet	Josef en sy kleurvolle kleed	Die tien melaatses	Die siek dienaar
GOD IS WYSHEID		**GOD IS VREDE EN VREUGDE**	
Koning Salomo	God gee vir Daniël wysheid	Jesus laat die storm bedaar	Petrus loop op die water
Koningin Ester	Die Tien Gebooie	Bileam en die donkie	Petrus word vrygelaat uit die tronk
Jona en die walvis	Josef, tweede in bevel	Elia word deur rawe gevoed	Esau vergewe vir Jakob

KWARTAAL 3 DIENSBAARHEID		KWARTAAL 4 RENTMEESTERSKAP	
WAARHEID: Laat ons mekaar in liefde dien.		WAARHEID: Alles en almal in die wêreld behoort aan God.	
GOD IS HERDER EN BESKERMER		**GOD IS VINDINGRYK**	
Die wapenrusting van God	Jesus is die Goeie Herder	God voorsien ons van alles wat ons nodig het	Elisa het sout in die rivier gegooi
Sadrag, Mesag en Abednego	God het Dawid teen Saul beskerm	Pad deur die Jordaanrivier	Dissipels het die hele nag visgevang
Paulus en Silas	God het die dissipels in die storm beskerm	Water uit 'n rots	Tien plae – laat my mense gaan
GOD HET GEKOM OM TE DIEN		**GOD IS MY VOORSIENER**	
Jesus het die dissipels se voete gewas	Febe wou haar mense dien	Abraham laat Lot die eerste keuse maak	Wolk deur die dag; vuur deur die nag
Jesus by 'n bruilof	Hanna het Samuel vir Eli gegee	God het die Rooi See geskei	Broodjies en visse
Die goeie Samaritaan	God het vir ons talente gegee om te dien	Jesus het ontbyt op die strand gehad	Manna in die woestyn
GOD IS GEDULDIG EN SELFBEHEERSD		**GOD IS GETROU**	
Abraham wag 25 jaar	God het deur 'n fluistering met Elia gepraat	Rut en Naomi	Abraham offer vir Isak
Die vrugte van die Gees	Wees geduldig teenoor almal	Elia en olie vir die weduwee	God se liefde is nimmereindigend
Koning Dawid en Mefiboset	Josef word verraai	Die Woordlose Boek	Nikodemus en Jesus

GROW · EQUIP · SEND